12/2010 14 April 2010

Geagte Ouers

Welkom terug! Mag dié kwartaal weer ‘n hoogtepunt vir een en elkeen in Bastion wees. Leerders – gebruik die geleenthede wat die skool jul bied.

Ons bring graag die volgende vriendelik onder u aandag.

2010: LEWE MET DANKBAARHEID

Tweede kwartaal: **LOJALITEIT**

- Doen wat jy doen so goed dat mense hul vriende wil bring.
- Dit is onregverdig om van ander te vra om iets te doen, wat jy self nie wil doen nie.

1. BELANGRIKE DATUMS

Vr 16 Apr	**Omgewingsklub: Gr 3 & 4: Oorslaap**
Ma 19 Apr	**Oueraand: Gr 1 – 3**
Di 20 Apr	**Oueraand: Gr 4 – 7**
Wo 21 Apr	**Gr 5O & 5VR: HB Thom Teater**
Do 22 Apr	**Gr 5C & 5DD: HB Thom Teater**

***** WINTERSKOOLDRAG: Vanaf MAANDAG 3 MEI 2010**

2. PERSONEELNUUS

Verjaardae: **Me A Kruger (Gr 2E: Sat 17 Apr), mevv R van Niekerk (Gr 6E: Sat 17 Apr), M Boonzaaier-Venter: Son 18 Apr), mnre D Laas (Gr 6A: Di 20 Apr) en D du Plessis (Gr 6A: Wo 21Apr).** Baie geluk. Mag dit ‘n wonderlike en geseënde jaar vir jul wees.

3. SKOOLGELDE

NB Alle gelde (korrekte bedrag) moet in ‘n **geseëlde koevert** skool toe gestuur word.
BANKBESONDERHEDE: ABSA (Takkode: 632005), BRACKENFELL, TJEK REK., NR. **01002621262 (Verwysing: U kind se naam & van of u rek. Nr.)**

4. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

DATUM	AKTIWITEITE	TEENSTAANDERS	T/W
Vr 16 Apr	Rugby: O/13A	HS Bellville: Toernooi	W
	Netbal: O/13A	HS Bellville: Toernooi	W
	Hokkie: O/14A	HS Bellville: Toernooi	W
	Netbal: O/8 & O/9	Eversdal	W
Sat 17 Apr	Hokkie: O/9 – O/14	Vredelust: Toernooi	W
	Rugby: O/9 – O/11	Fanie Theron	W
	Netbal: O/9; O/11 & O/12	Fanie Theron	W
	Netbal: O/10	Durbanville	W

Ons rugby- (O/11A & O/13A) en O/13A netbalspanne het ‘n suksesvolle toer na Riebeeck Kasteel gehad. Ons opregte dank aan die opvoeders en ouers wat die toer meegemaak het. Die spelers se gedrag op en vanaf die veld was onberispelik. Ons is trots op julle.

5. SKOOLDRAG / SPORTDRAG (Navrae: sekretaresses 981-1882).

Verkope: **Ma & Wo 13:30 – 15:00**
Elke Woensdagaand: 17:00 – 18:00

6. ALGEMEEN

INSKRYWINGS (GR 1) 2011: Inskrywingsvorms by skool beskikbaar.

- **Ouers moet hul kind inskryf as die kind in die komende jaar 7 (sewe) word.**
- **Inskrywings (vir Gr 1) moet voor 9 Junie 2010 gedoen word. (Inskrywings sal in twee fases geskied).**
- **Indien daar nog plek beskikbaar is, sal die 2de fase in die 3de kwartaal gedoen word.**
- **Ouers sal voor einde Julie 2010 in kennis gestel word indien aansoek suksesvol was.**
- **KERMIS:** Speletjies **EN** Pop-a-balloon kaartjies by juf. S. Nel beskikbaar @ R2 elk.

Vriendelike groete

Goeie mense hou van kinders. Kinders hou van goeie mense.

_____
C D Eksteen
SKOOLHOOF

Ek, ouer van _____ Gr _____ erken ontvangs van **Omsendbrief 12/2010.**

_____ _____
HANDTEKENING **DATUM**